

## Dagsê alle belangstellendes indie geskiedenis van ou Pretoria

Die begin van 'n nuwe jaar. Mag u hierdie jaar vol geesdrif wees vir die geskiedenis van ou Pretoria. Die afgelope maand was ongelukig nie baie bevorderlik vir werk/navorsing nie en van my voorneme om na die ou klokke en horlosies te gaan kyk het niks gekom nie.

### **Ou kaarte van Pretoria**

Ek het heelwat interessante kaarte by my versameling gevoeg. Ek het nou 'n Pretoria kaart van 1859; 1879; 1889; en 1899. Ek wonder of daar nie iewers 'n kaart van 1869 bestaan nie. Dan het ek ook lugfotos van Pretoria Middestad van ongeveer 1930 en een van 2003.

Die kaart van 1879 is 'n afskrif wat ek by Gerrit Broos gekry het. Dit is 'n baie interessante kaart maar ek sukkel baie om dit te lees. Ek weet op die beste van tye nie mooi waar regte en liks is nie en hierdie is 'n onderstebo kaart [Noord is onder en nie bo soos in ander kaarte nie] die kaart is geteken deur die "Intelligence Branch of the Dept. Of Horse Guards". Op die kop wat by ons bekend staan as Time Ball Hill staan geskryf "Flagstaff" Ek wonder of dit die oorblyfsels van die "time ball" se paal is. In die middestad word al die voetpaadjies ook aangedui. Byna elke leë erf het 'n voetpaadjie deur. Die pad na Potchefstroom word beskryf as "Road good and level" Omrent waar Roger Dyason straat van dag is [onder Yskor hoofkantoor] staan geskryf "This valley passable for Cavalry but no road".

Dan het ek nog 'n ander groot probleem. Twee oorspronklike kaarte [1899] en [1911] wat in baie swak kondisie is, of soos hulle in Engels sê "beyond repair". Ek is nog besig om uit te werk hoe ek die kaarte kan fotostateer of digitaal afneem. Elke keer as ek na die kaarte kyk verloor daar 'n paar stukkies. Interessant op een kaart was daar 'n L. Schuster se bierbrouery in die Weste van Pretoria. [wonder of dit familie is van Leon Schuster] Ek brand van nuuskierigheid om die kaarte verder te bestudeer, maar moet maar eers wag totdat dit afgeneem kan word.

Hier volg 'n paar stukkies uit die herinneringe van Leon Sydney Zeiler [1893 – 1984]. Hy was die seun van Geregtelike kommisaris H.W. Zeiler en kleinseun van Landdros William Skinner [van Skinnerstraat]

### **Boerstra Bakkery**

In 'n woonhuis op die hoek van Schoeman en Schubartstraat het mnr. Boerstra 'n kamer ingerig om te dien as 'n winkel. Agter die huis was sy bakoond. Te voet met 'n stoetkarretjie het hy brood en ander gebak by sy klante afgelewer. Eendag was ek in sy winkeltjie maar daar was niemand om my te bedien nie, ek hoor dat iemand in 'n ander kamer besig is, ek kruip onder die toonbank deur en gaan loer in die ander kamer, daar sien ek mnr. Boerstra besig om in 'n groot hout bak deeg met die kaalvoet te trap. Ek moes dit nie vir my moeder vertel het nie, want van toe af moes ek ver van huis af gaan om brood te koop. Dit moes ek by Heathers se bakkery naby Kerkplein gaan doen.

### **Eikebome van Pretoria**

W. Skinner en L. Devereux het twee eikebome voor K. Vermeulen se huis geplant, Vermeulen se huis was op die plek reg waar Rex se kroeg later was. Skoolmeester Hendrik Stiemens se huis

was in Visagiestraat, op die sypad voor sy huis het Skinner en Devereux ook twee eikebome geplant.

H.W. Zeiler, Skinner se skoonseun, se woonhuis was in Schoemanstraat. Voor die huis diep in die erf het Skinner en Devereux ook twee eikebome geplant. Nog twee eikebome het hulle op Skinners Court geplant.

### **Engelse grafte**

Kort na Pretoria deur die Engelse beset is, die oorlog was nog aan die gang, was ek in die ou Kerkhof by die Skinner plot, dit is in die Engelse deel. Tommies was besig om baie lang grafte te maak, toe daar muilwaens opdaag wat volgelaai was met dooie tommies, hulle was tussen gras gepak. Hulle word in rye in die gate gepak met hul klere aan. Later toe ek weer daar kom sien ek tot my verbasing dat daar net gewone grafte op die plek is met 'n kruis en een naam op.

### **Fonteine**

Die Fonteinedal vanwaar Pretoria vroeër sy water vandaan gekry het, was 'n lushof, die fontein was 'n groot poel helder water wat deur die wit sand opborrel, weelderige plante groei tot aan die water, daar het ook visse in rond geswem. Met die kom van die Engelse word die fontein toegebou, 'n pompstasie daar gebou en die water gepomp na die Hoogte.

### **Hartbeespoortdam**

Die regter van die waterhof was Carel Jeppe, en die registrator was H.W. Zeiler. Regter Jeppe het my [L.S. Zeiler] aangestel om die kennisgewings van die voorneme om 'n dam in die Krokodilrivier te bou uit te deel. In die kennisgewing staan dat elke eienaar van die Krokodilrivier op 'n sekere datum bymekaar moet kom op die Hermans se plaas by Krokodilpoort waar die Waterhof sal sit, om die oewereienaars se belang te beskerm.

Per trapfiets het ek die werk aangepak. Dit het my 10 dae geneem om al die mense op te spoor en die kennisgewings te oorhandig. Oral waar ek moes gaan het die boere my baie vriendelik behandel en kos en slaapplek aangebied, eindelik het ek die verste plaas bereik en nou is dit die lang pad terug.

Met 'n perdewa het die Waterhof vertrek na Krokodilpoort, my Pa en ek saam. Kort hierna het die bou van die dam begin. H.W. Zeiler is in 1910 aangestel as registrator van die Waterhof, in 1922 het hy afgetree weens swak gesondheid.

### **Joubert, Genl. Piet**

Die Generaal het 'n woonhuis op die hoek van Potgieter en Pretoriusstraat, hy het ook 'n plasie in Sunnyside, dit was in Main Straat. Daar was 'n praghuis met die Transvaal wapen en 'n skildery van homself op die eetkamermuur.

Daar was ook 'n windmeule en 'n pragtuin wat gestrek het tot aan die Apiesrivier, oorkant die rivier was 'n ou watermeule, dikwels was ek in die ou meule gewees en die waterwiel gesien, later het ek van oom Louis? Van der Walt verneem dat die ou meule sy vader s'n was, en ook dat Var der Waltstraat na sy vader vernoem is, en dat sy vader Pretoria se eerste Veldkornet was, en ook dat sy vader naby die Burgerspark grond besit het.

### **Kampe**

In die dae toe die Engelse oorlog nog aan die gang was, het baie mense Pretoria toe gevlug, die Doppers het met ossewaens en ander rytuie by die Dopper Kerk aangekom, agter die kerk was 'n groot saal en groot oop veld. Daar het hulle uitgespan en tente opgeslaan. Ander wat nie so gelukkig was nie het plek gekry binne in die saal, die banke was so geskuif dat elke familie sy eie plekkie het. Dikwels het ek by die kinders gaan speel.

Baie ander vlugtelinge kon nie in Pretoria plek kry nie, die mense het toe 'n soort kamp gemaak by Hove's drif naby die plek waar die Hospitaal vandag is, die arme mense het baie swaar gekry

daar hulle in krotte, skerms en flenterente moes woon. Neem die Engelse Pretoria in, toe kry die mense bitter swaar want kos word gerantsoeneer, baie skraps, en dan moes elkeen dit self gaan haal met sy kaart. Die plek waar hulle dit ontvang, was op die hoek van Andries- en Skinnerstraat, ‘n paar keer het ek saam met die mense daarheen gestap. Die water moes uit ‘n put gehaal word digby die Apiesrivier, die meeste mense het blikke vir kook en water aan te dra. So vir omrent twaalf tree om die put was dik modder wat veroorsaak was deur die Engelse waterkarre wat maar gedurig om die put was, die mense met hul blikkies moet dan maar geduldig wag om ‘n bietjie water te kry, ek sien nou nog oumense, vroue en kinders deur die modder sukkel.

Vuurmaakhout was byna onverkrygbaar, dikwels het ek saam met die kinders veld toe gestap om bietjie hout te soek, en terug by die armoedige kamp sien ek moeders wat bietjie kos in blikkies kook. Die ellende wat ek as kind gesien het het ek nie die gawe om te beskryf nie, maar nooit kan ek dit vergeet nie.

### **Krugerhuis**

Die Paul Kruger woning soos wat ek dit onthou. Voor die huis was ‘n watervoort met ‘n voetbrug, daar was groot bome op die sypad, daar was ook twee waghuisies waar die wagte op en af geloop het, daar was nog nie ander geboue naby nie, om en agter die huis was daar pragtige tuine. Aan Vermeulenstraat se kant was beeskrale, perdestalle en hoenderhokke.

### **Melk**

Met die beset van Pretoria het die Engelse al die dorp se melk gekommandeer met die gevolg dat die mense sonder melk moes klaarkom, die melk was vir die hospitale. Gelukkig het ons so nou en dan blikkies botter by Boerstras se winkeltjie gekry. Dit was ingevoer van Holland af en die naam op die blikkie was Harmans en Zoon.

### **Pretorius, Martiens**

Martiens Pretorius se naam was wyd verspreid, sodat hulle Byname moes aanneem. Ek noem die wat ek van weet: Martiens Wessel, Martiens Magriet, Martiens Bottels, Martiens Blikkies, Martiens Longblack, Mal Martiens, Bont Martiens, Swart Martiens en Klein Martiens.

### **Skinner, Alfons**

Twee van my ouma se broers was in die Staatsartillerie, hulle was oom Alfons en oom Edie. Oom Alfons was op wag voor President Kruger se huis, hy wandel op en af. Die president sit op die voorstoep en koffie drink, hy sê Fonsie wil jy nie ook kom koffie drink nie? Nee dankie Presedent, jy sal sê ek het my pos verlaat dan is dit so.

### **Skinner, Debora**

Debora Skinner [my moeder] het my die volgende vertel: Sy het skoolgegaan by die Loretto Convent omdat daar nie ‘n ander skool was nie.

Oom Koot Vermeulen se woonhuis het gestaan op Kerkplein waar mngr. Rex se kroeg later was, Debora se vader het twee eikebome voor die huis van die Vermeulens geplant, baie later het mense die bome gebruik om vendusies in die skadu’s te hou. Vermeulen had ‘n groot groentetuyn en verkoop soms groente, hy was ook skoenmaker. Sy vertel dat skoenspykers soms so skaars was dat hy die skoene se sole en hakke met houtpenne moes vassit.

### **Skinner, Ellen**

Pretoria se eerste swembad was in Vermeulenstraat naby die Swart Meule. Langs die meule het mngr. Van Nikkelen Kuyper gewoon. Hy was Pretoria se weesheer, sy seun Gerhard was getroud met Ellen Skinner en het op Skinners Court gewoon.

### **Spoorlyn, opening van**

As Staatsampenaar kry my Pa ‘n vry kaartjie vir drie dae in Mosambiek, oom Willie Skinner en oom Muller word saamgenooi en pa betaal vir hulle, oom Willie onderneem om vir die etes te

betaal en oom Muller sê hy sal betaal vir 'n boot want hy wil graag voel hoe dit voel om op die see te vaar.

Die Pretoria se stasie was van hout en sinkplaat gebou en was in Kochstraat. In elke afdeling van die trein was daar net plek vir vier mense, oom Piet Lubbe reis saam met hulle, op pad is daar 'n onaangename reuk, oom Lubbe se vrou het 'n string knoffel om sy nek gesit om die koers en muskiete weg te hou, hulle moes dit maar so aanvaar.

Na die plegtigheid van die opening verby was het hulle die volgende dag 'n groot boot gehuur, daar was net drie Portugeuse op die boot, die stuurman, stoker en kok. Die stuurman kon 'n bietjie Engels praat en oom Willie trek sy been en noem hom Captain. Hy gesels baie met hom en dit is net Captain voor en agter, hy hou baie daarvan. Hy sê toe vir die kok om 'n bottel van sy beste wyn te bring en nooi hulle om weer in sy boot te kom ry, hy het hulle ook in die rivier mond opgevat om die seekoeie en krokodille te sien.

Na 'n lekker dag kom hulle by die hawe vra wat die koste is, die Portugeus sê hy sal hulle net 500 escudos vra. Oom Muller skrik en sê magtig my swaers ek is bankrot, julle moet my asseblief help. My Pa lag en sê vir hom in ons geld is dit maar net 'n geringe bedrag, oom was baie verlig. Oom Lubbe het die string knoffel daar gelaat.

### **Spruit**

Voor die Engelse oorlog was daar 'n spruit in Schubartstraat. Die water het in die Skinnespruit geloop. Op die hoek van Schoeman en Schubartstraat het ons klei gekry waarmee ons kleiosse en ander diere gemaak het, die klei het ons ook gebruik om kleilat mee te goo. Die spruit se water gaan vandag in die Princespark. Hulle het muile en skotskarre gebruik om die spruit mee toe te goo.

### **Straatligte**

In die vroere dae in Pretoria was daar lamp pale op straat hoeke, die lampe moes elke aand aangesteek word. Mense met stootkarre en lere het dit gedoen.

### **Staatsartillerie**

In die Westekant van die Pretoria in die Skinnerspruit was daar 'n groot poel water, dit was die plek waar die manne van die Staatsartillerie geswem het en ook hul perde gewas het, daar dit nie te ver van Skinners Court is nie het ek dit dikwels aanskou.

Op die berg anderkant Kwaggapoort het 'n groot teiken gestaan, vanaf Potgieterstraat het hul met die [Longtoms] geskiet, vandag kan die gate nog gesien word waar die bomme gebars het.

### **Van Loggerenberg, Corneels**

Voor die Engelse oorlog het oom Corneels en sy vrou tant Febie digby die ou Kerkhof in Kerkstraat gewoon. Oom Corneels was 'n grootwildjagter, hy was ook ossewadrywer en smid. Tant Febie had 'n groot bakoond; boerebrood en beskuit was daar te koop, veral vir die transportryers. Voor haar grasdakhuis was 'n groot dam met ganse, eende en makoue. Tante het ook kussings en verematrasse verkoop. Die watervoor wat voor die Krugerhuis verbygeloop het, is in die dam opgevang. Die erf is waar later die Princess Christiaan Home verry het.

In die geveg by Boomplaats is oom Corneels se groottoon afgeskiet. Albei rus in die ou Kerkhof.

### **Van Wouw, Anton**

Van Wouw se woonhuis was op die hoek van Pretorius en Schubartstraat. Agter sy huis was 'n groot hout- en sinkgebou waar hy aan beeldé gewerk het.

### **Volkstem**

Op die hoek van Andries en Vermeulenstraat was die Caledonian Hall, Daar was ‘n “fancy dress ball” in die ver verlede, daar Skinner van Skotse afkoms is, het die Skinner familie ‘n groot aandeel daaraan gehad.

Later het die Volkstem die gebou oorgeneem. In 1910 het ek op die Volkstem en die tydskrif Die Brandwag begin werk, die drukkery het aan die Wallach broers behoort. Dr. Engelenburg was die redakteur, Dr. Rompel en mnr Levy was in die kantoor.

### **Water**

In Pretoria word water aangebring met pype. Die waterputte raak in onbruik, op enkele straathoeke word gegote drinkpompe aangebring. Die een op die hoek van Potgieterstraat se gesig was in die vorm van ‘n leeu gesig, daar was ‘n metaalkoppie aan ‘n ketting vas sodat die mense kon water drink. Die erwe het nog leiwaterveld gehad, die waterfiskaal was ‘n man met ‘n gebreekte rug, hy was bekend as boggelkie Nel.

### **Zeiler Versameling**

My vader het ‘n groot versameling van horings en ou wapens gehad. Uit die Kafferoorloë was daar min dinge wat hy nie gehad het nie, van alles wat die kaffers gebruik het insluitende hul handwerk het hy versamel.

Uit die slag van Majuba had hy swarde, bajonette en nog meer. In die geveg van Boomplaas is Oom Corneels Loggerenberg se groottoon afgeskiet, hy het ook van die Engelse krygstuig vir my Pa gebring. Na die slag van Spioenkop het een van die ooms onderandere die Trompet wat die Engelse daar gebruik het vir my Pa gebring, dit het ‘n groen koord met tosels en was van koper gemaak.

In die laaste Engelse oorlog het Lord Roberts se een proklamasie gelui dat as daar Engelse krygstuig by privaat mense gekry gaan word, sal dié met die dood gestraf word. Die ou waterput ontvang al die waardevolle goed, en word opgevul. Die waterput is in Schoemanstraat op die erf langs die Federal Coldstorage.

---

Die volgende van Nel Redelinghuis:

**Staptoere deur Melville**, sekerlik die interessantste voorstad van Johannesburg word elke vierde Sondag van die maand deur n inwoner, n geregistreerde toergids, aangebied. Beleef hierdie dinamiese voorstad wat reeds in 1896 ontstaan het en sien die haas ongelooflike veranderinge wat in net meer as 100 jaar plaasgevind het. Van die dae voor hoë mure, geëlektrifiseerde heinings en internet kafees, toe ‘n windpomp en ‘n rondloper melkkoei in die erf nie ongewoon was nie, toe perdekarre en ossewaens nie parkeerprobleme in Sewende Laan veroorsaak het nie, en ‘n heerlike ete in die enigste restaurant 25 sent gekos het.

Tye: 2.30 tot 5 uur.

Koste: R45 pp. Ligte verversings ingesluit.

Toere kan ook op aanvraag vir vyf of meer persone gereël word.

Vir meer inligting en om te bespreek skakel Nel by (011) 726 1448 of 083 373 0159

---

Laat weet asseblief indien u nie Desember se brief oor ‘n paar bekende persone ontvang het nie. Groete tot volgende maand  
Rosa Swanepoel